# STREWE NA 'N "VOLKSTAAT": DIE PREKOLONIALE POSISIE VAN DIE REHOBOTH-BASTERS IN NAMIBIë, 1868-1884[1]

**Gerhard Oosthuizen**
*(Departement Geskiedenis, Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys)*

**Summary**
*The people of mixed ancestry who came into being in the North Western Cape in the course of the eighteenth century and later known as the Rehoboth Basters, left the Cape Colony in 1868 and in 1870 settled at Rehoboth and environment, in the area later to be known as German South West Africa. Their pre-colonial settlement (1868-1884) was characterized by fruitless attempts to obtain the Rehoboth region as a permanent residential area and to maintain neutrality in the midst of the renewed Herero-Nama-Oorlam conflict. With the conclusion of the Baster-German Friendship and Protection Treaty of 15 September 1885, de jure recognition was at last granted to the ideal of a national state of the Rehoboth Basters, a settlement which, in terms of modern South African political jargon, may be called a "volkstaat" - this time not for white Afrikaners, but for their coloured kith and kin.*

## 1. Die Basters voor 1868

Rassevermenging aan die Kaap het sedert die beginjare van blanke nedersetting vry algemeen plaasgevind. Huwelike en buite-egtelike verhoudings tussen blankes en gekleurde slavinne het veral tydens en selfs ná afloop van die Kompanjiesbewind (1652-1795) op 'n gereelde basis aan die Kaap voorgekom.[2] Huwelike en buite-egtelike verhoudings tussen die Khoikhoi en blankes was aanvanklik uiters seldsaam.[3] Gedurende die agtiende eeu egter het geslagsverbintenisse tussen dié twee groepe meer algemeen, veral in die trekboergebiede soos die Noordwes-Kaap, plaasgevind.[4] Nasate van blanke vaders en Khoikhoimoeders, van wie die meeste Rehoboth-Basters afstam, is mettertyd Basters genoem.[5]

---

[1] 'n Spesiale woord van dank kom prof. P.D. van der Walt (emiritus-professor, PU vir CHO) toe vir die taalkundige versorging en nuttige wenke ter verbetering van die artikel.

[2] H.F. Heese, *Groep sonder grense: Die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652-1795* (Belville, 1984), p. 5; H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (Pretoria, 1989), pp. 142-143; J.H. Wellington, *South West Africa and its human issues* (London, 1967), p. 155.

[3] Heese, *Groep sonder grense*, p. 6.

[4] Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p.124; H. Giliomee en R. Elphick, (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1840* (Kaapstad, 1990), p. 556.

[5] Van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 124, 143; Giliomee en Elphick, *Samelewing*, p. 379; C.D. 9146, Union of South Africa, *Report on the natives of South West Africa and their*

Die Basterkinders het, benewens die vee, ook wat Fischer genoem het "*echter Burenstolz*", van hulle blanke vaders geërf, en hulle het met trots verwys na die feit dat hulle deels afstammelinge van blankes is.[6] Die benaming Basters het hulle as eretitel gedra wat hulle onderskei het van die plaaslike inheemse inwoners.[7] Familiename aan vaderskant is met trots gehandhaaf, en die oorsprong van die Rehoboth-Basters kan aan sowat veertig blanke stamvaders gekoppel word. Vanne soos Beukes, Bezuidenhout, Coetsee, Cloete, Diergaar(d)t, Kruger, Schalkwijk, Steenkamp, Van Zyl, Van Wyk, Morkel, Pienaar, Engelbrecht, Mouton, Swart, Maasdorp, Klazen en McNab kom vry algemeen onder die Basters voor.[8] Veeboere getroud met blanke vrouens het egter neergesien op diegene wat met Khoikhoivrouens getroud was en het nie met hulle geassosieer nie, ten spyte van die feit dat die kultuur van die Basters, soos onder meer taal en godsdiens, in 'n groot mate met dié van hulle blanke "verwante" ooreengestem het.[9]

Teen 1850 was die Basters in nedersettings soos Amandelboom, De Tuin en Pella, geleë in die gebied tussen die Kareeberge, die Sak- en Oranjerivier en die Weskus, gevestig. Hulle het op groot uitgestrekte onopgemete kroongrond gewoon, wat hulle as hul wettige eiendom beskou het.[10]

Die groep waaruit die huidige Rehoboth-Basters stam, het gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu in die omgewing van De Tuin noord van die Kareeberge ontwikkel.[11] Onder die sorgsame leiding en invloed van Rynse sendelinge het die De Tuinse Basters ontwikkel tot 'n omlynde gemeenskap. Veral sendeling J.C.F. Heidmann het 'n besonder heilsame invloed op die Basters uitgeoefen: nie net as

*treatment by Germany*, p. 121.

6 E. Fischer, *Die Rehobother Bastards und das Bastardierungsproblem beim Menschen. Anthropologische und ethnographische Studien am Rehobother Bastardvolk in Deutsch Südwest Afrika* (Austria, 1961), p. 20.

7 Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 20; Nasionale Argief, Windhoek (hierna NAW) Archives of the Secretary for South West Africa (hierna SWAA) 2/18/4, Unregistered correspondence and papers, Rehoboth affairs, Draft report. The Rehoboth Bastards, p. 1.

8 Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 23; D.J. van Schalkwyk, "Fonetiese variasie in die taal van die Rehoboth-Basters", D.Phil, Rand Afrikaanse Universiteit (1983), p. 86; *Die Taak*, Junie/Julie 1984, p. 3.

9 Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 20.

10 NAW: Aanwins Mem. 4/24, J.D. Viall, "The history of the Rehoboth Basters", p. 2; H. Vedder, *Die voorgeskiedenis van Suidwes-Afrika: Gebeurtenisse in Suidwes tot aan die dood van Maharero in 1890* (Windhoek, 1937), p. 547; NAW: SWAA 2/18/4, Unregistered correspondence and papers, Rehoboth affairs, Draft report. The Rehoboth Bastards, p. 5.

11 Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 22.

sendeling nie, maar ook as onderwyser, dokter, regsverteenwoordiger (agent) en raadsman.[12]

In 1866 het die De Tuinse Basters se vrugtelose stryd om 'n eie grondgebied binne die grense van die Kaapkolonie te verkry in alle erns 'n aanvang geneem. Reeds in 1847 is die Oranjerivier tot die noordgrens van die Kaapkolonie verklaar en het vrye grondgebied ten suide van dié rivier opgehou om te bestaan.[13] In 1865 is die *Land Beacons Act* deur die Kaapse Parlement gepromulgeer. Daarvolgens moes bewoners grondeienaarskap bewys en is kroongrond opgemeet en beskikbaar gestel om gekoop of gehuur te word.[14]

Versoeke om 'n eie grondgebied aan die Distriksraad van Calvinia het op dowe ore geval.[15] Ook 'n petisie aan die Kaapse Goewerneur,[16] opgevolg deur 'n Basterafvaardiging,[17] was onsuksesvol.[18] Verdere onderhandelinge met die Siviele Kommissaris van Calvinia het ook geen vrugte afgewerp nie.[19]

Die bestaansmoontlikhede van die De Tuinse Basters is verder aan bande gelê deur die bedreiging van die kant van die blanke veeboere wat die Basters se weivelde wederregtelik gebruik het. Die Basters was magteloos om teen die blanke veeboere op te tree, aangesien dit vrye regeringsgrond was. Om dié klagtes by die Magistraat te Calvinia aanhangig te maak was vrugteloos, en buitendien was die regskoste hoog en Calvinia te ver weg geleë.[20]

---

12 C.J. Beyers, (Hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (Kaapstad, 1977), deel III, p. 393; Fischer, *Rehobother Bastards*, pp. 26-27.

13 Vedder, *Voorgeskiedenis,* pp. 546-547; T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history* (Bergvlei, 1988), p.99.

14 Mem. 4/24, Viall, "Rehoboth Basters", p. 2; *The Service*, Jan. 1919, p. 116.

15 NAW: Quellen zur Geschichte von Südwestafrika (hierna Quellen) 21, Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, zur Zeit Schietfontein, 26 Feb. 1866, p. 1; Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, De Tuin, 17 Apr. 1866, p. 2.

16 Quellen 21, Auszug aus einem Schreiben von Missionar F. Heidmann, De Tuin, 17 Apr. 1866, pp. 3-4 (hierna Schreiben von Heidmann); P. Pearson, "The history and social structure of the Rehoboth Baster community of Namibia", M.A., University of the Witwatersrand (1986), pp. 55-56.

17 *The Service*, Jan. 1919, p. 117; Pearson, "Rehoboth Baster community", p. 56; SWAA, 2/18/4 Unregistered correspondence and papers, Rehoboth affairs, Draft report. The Rehoboth Bastards, p. 7.

18 Quellen 21, Schreiben von Heidmann, De Tuin, 10 Junie 1867, p. 5.

19 Quellen 21, Schreiben von Heidmann, De Tuin, 10 Junie 1867, p. 6.

20 Quellen 21, Schreiben von Heidman, De Tuin, 17 Apr. 1866, pp. 2-3; Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 26.

Die voortdurende plundertogte van die Koranna[21] en San het ook die voortbestaan van die De Tuinse Basters ernstig bedreig.[22] Die Koranna was teen 1867 in 'n desperate posisie, aangesien hulle getalle aansienlik aangevul is deur Khoikhoi en San vanuit Boesmanland wat deur blanke koloniste verdring is en Herero vanuit Namibië wat gevlug het weens die stryd met die Nama en Oorlam. Daarbenewens het hulle die grondgebied van die suide waarheen hulle tradisioneel op 'n seisoenale basis verhuis het, weens blanke binnedringing verloor en is hulle verarm deur handelaars, die voortdurende droogte en onderlinge konflik. Wat begin het as sporadiese veediefstalle, het spoedig ontwikkel in 'n openlike oorlogspoging om die blanke koloniste en Basters van die grond te verdryf, wat hulle (die Koranna) as hulle tradisionele eiendom beskou het.[23]

De Tuin, geleë naby die hartland van Korannaland, het spoedig swaar deurgeloop onder die veediefstalle.[24] Versoeke van die Basters aan die veldkornet, die Siviele Kommissaris, die Distriksraad van Calvinia sowel as aan die Goewerneur te Kaapstad om beskerming, het op dowe ore geval.[25] Verskeie Bastergesinne is kaal gestroop.[26]

Genoemde faktore het alles saamgewerk om die Basters te dwing om hulle heil verder noordwaarts te gaan soek. Die soeke na 'n eie en omlynde woongebied was dus aanvanklik sterk ekonomies gemotiveer, maar daar was - soos reeds aangedui - ook sosiale en politieke ondertone. Die politieke aspirasies sou egter eers mettertyd sterker op die voorgrond tree.

---

21 Die terme Korana, Herero, Nama en Oorlam dui op die meervoudsvorm. Dit is egter nie verkeerd om die meervoudsvorm Koranas, Herero's, Namas en Oorlams te gebruik nie.


22 Vedder, *Voorgeskiedenis*, p. 547; Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 28.

23 Pearson, "Rehoboth Baster community", pp. 57-58.


24 Quellen 21, Schreiben von Heidmann, De Tuin, 3 Mrt. 1868, pp.11-12.

25 Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 28; Quellen 21, Schreiben von Heidmann, De Tuin, 27 Apr. 1868, p. 13.


26 Quellen 21, Schreiben von Heidmann, De Tuin, 27 Apr. 1868, p. 13; Auszug aus dem Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869, pp.22-23. (Hierna Bericht von Heidmann)




**Pre-koloniale vestiging in Namibië, 1883.**
(J.H. van der Merwe (red.). *Nasionale atlas van Suidwes-Afrika (Namibië)*, kaart 30.)




**Herkomsgebied van die Rehoboth-Basters.**
(Saamgestel deur die skrywer.)



**Sendeling J.C.F. Heidmann.**
(R.G. Britz *et al.*, *Ons Eeufees 1870-1970* (Rehoboth, 1970))

## 2. Die Basters op die trekpad, 1868-1869

Die De Tuinse gemeenskap het reeds in 1867 'n deputasie bestaande uit Hermanus van Wyk en Giel Diergaardt noordwaarts oor die Oranjerivier gestuur om 'n geskikte woonplek te soek.[27] Heidmann het vooraf sendeling J.G. Krönlein van Berseba versoek om die deputasie met raad en daad by te staan. Met sy hulp het kaptein Paul Goliath en sy raadslede toestemming verleen dat die Basters tydelik twee jaar lank in die Berseba-gebied kon vertoef. Hierdie aanbod is met dankbaarheid deur die De Tuinse gemeenskap aanvaar.[28]

Nadat dié goeie nuus ontvang is, is daar tydens die De Tuinse vergadering van 24 Februarie 1868 besluit om te verhuis.[29] Hermanus van Wyk, wat intussen tot Kaptein verkies is, het met 'n deel van die gemeenskap na Oebip (Usib) verhuis waar hulle op die reën gewag het. 'n Ander deel van die gemeenskap onder leiding van Klaas Zwart het besluit om suidwaarts te trek en sou daar wag om te kyk hoe Hermanus van Wyk en sy volgelinge vaar. Op 12 Julie 1868 het Heidmann en 'n klein deel van sy gemeente 'n laaste kerkdiens gehou, en op 13 Julie, nadat al die deurslotte en die kerkklok verwyder is, het hulle De Tuin noordweswaarts verlaat. Enkele dae daarna het 'n bende Koranna van tussen 200 en 300 De Tuin oorval.[30]

Die Basters het weens die droogte en strooptogte langsaam gevorder.[31] In November 1868 het die trekgeselskap die Oranjerivier by Ramansdrift oorgesteek. Na 'n moeisame tog van twee en 'n half dae het hulle die eerste watergat noord van die Oranjerivier, Kinderzit, bereik.[32]

Pas na hul aankoms het Heidmann en Van Wyk na Warmbad vertrek om met die bejaarde kaptein Abraham Christiaan van die Bondelswart-Nama te onderhandel oor vrye deurgang deur sy gebied. Christiaan het aan die versoek voldoen en boonop die Basters toegelaat om van die water en weiding in sy gebied gebruik te maak. Intussen het 'n tweede groep Basters, ongeveer so groot as die eerste, hulle by Van Wyk en sy mense aangesluit. Die vergrote trekgeselskap het nou na Loeriesfontein verskuif, waar

---

[27] Mem. 4/24, Viall, "Rehoboth Basters", p.3; SWAA 2/18/4, Unregistered correspondence and papers, Rehoboth affairs, Draft report. Rehoboth Bastards, p. 7.

[28] Quellen 21, Bericht von Heidmann, De Tuin, 3 Mrt. 1868, p. 8; Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 27.

[29] Quellen 21, Bericht von Heidmann, De Tuin, 3 Mrt 1868, p. 7; Fischer, *Rehobother Bastards*, pp. 27-28.

[30] Quellen 21, Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869, pp. 27-28; Pearson, "Rehoboth Baster community", pp. 61-62.

[31] Quellen 21, Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869, pp. 28-31.

[32] Quellen 21, Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869, pp. 29, 34-37; D. de Waal, *Report on the inquiry in regard to the German-Bastard Question held at Rehoboth and other places in the Military Protectorate in June, 1915* (Pretoria, 1915), p. 7.

hulle 'n paar weke wou uitspan. Die fontein het egter spoedig opgedroog, en die groep moes nou tot in Warmbad trek.[33]

Hier te Warmbad het kaptein Hermanus van Wyk, met behulp van Heidmann en die Rynse sendeling F.W. Weber, 'n voorlopige konstitusie opgestel, wat hoofsaaklik gehandel het oor die soort kriminele oortredings wat die orde in 'n nomadiese gemeenskap kon versteur. Dié konstitusie, bekend as die Konstitusie van Nisbeth Bath ('n naam waaronder Warmbad ook bekend was), het ook voorsiening gemaak vir die verkiesing van 'n Raad van vier manne deur die Bastergemeenskap. Die Raad moes die kaptein van advies bedien, maar sowel die kaptein as die verkose Raad kon nie veel vermag sonder die toestemming van die Bastergemeenskap nie.[34] Met die opstel en aanvaarding van die eerste Bastergrondwet, het die bewuste strewe van die Bastergemeenskap na 'n eie geordende volkstaat vergestalting begin kry.

'n Paar dae nadat hulle by Warmbad aangekom het, het die bejaarde kaptein van die Bondelswarts-Nama gesterf en is die Basters versoek om verder te trek. Enkele dae voor Kersfees is hulle weer verder, nadat aan hulle meegedeel is dat daar twee dagreise noord van Warmbad 'n geskikte uitspanplek was.[35]

Die Basters het tot by Haris getrek en enkele weke daar uitgespan, aangesien daar voldoende water en weiding beskikbaar was en die vee moes uitrus. Die diefstal van vyf perde en vyftig skape en die lakse hantering van dié aangeleentheid deur die Bondelswarts-onderkaptein Willem Christiaan het egter spanning tussen die Basters en Bondelswarts veroorsaak. Om nog diefstalle te voorkom en nie die vriendskaplike betrekkinge met die Bondelswarts verder te vertroebel nie, het die Basters besluit om verder te trek. Die voorlopige bestemming was Ganigois aan die Visrivier, naby Berseba, wat tydelik vir enkele jare deur die Oorlam van Berseba aan hulle afgestaan is. Die trek het baie stadig gevorder, aangesien enkele dae by die groter waterplekke uitgespan is. Keetmanshoop is uiteindelik op 24 Februarie 1869 bereik. Die meeste Basters het weens longsiekte onder die osse nie in Keetmanshoop vertoef nie maar dadelik na !Aub ongeveer twee uur daarvandaan getrek.[36]

Weens die droogte en omdat die meeste mans hulle op die jag begin toespits het, het die trekgeselskap spoedig na hulle aankoms in !Aub begin versprei oor die gebied.[37] Teen Augustus 1869 was die kern van die groepie te Chamis naby Bethanien.[38]

---

33 Quellen 21, Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869, pp. 36-38.

34 Quellen 21, Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869, pp. 38-39; Pearson, "Rehoboth Baster community", pp. 63-64.

35 Quellen 21, Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869, pp. 38.

36 Quellen 21, Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869, pp. 39-41.

37 Quellen 21, Bericht von Heidmann, 10 Junie 1870 (Chamis), pp. 49-50.

38 Quellen 21, Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869 (sic), p. 48.

Alhoewel Heidmann en Hermanus van Wyk na maande van omswerwinge gretig was om 'n vaste woonplek vir die Basters te bekom, was hulle versigtig om nie te oorhaastig te wees nie. Die eerste aanbod van 'n vaste verblyfplek vir die Basters het van Hugo Hahn, senior sendeling van die Rynse Sendinggenootskap in Namibië, gekom. Hy het probeer om Heidmann en Hermanus van Wyk te oorreed om met die Basters na Scheppmansdorf naby Walvisbaai te verhuis, met as motief om 'n sterk neutrale mag daar te vestig om Walvisbaai, die enigste invoerhawe van Namibië, teen moontlike aanvalle te beskerm. Heidmann het dié uitnodiging van die hand gewys, aangesien hy eers deeglik vertroud wou raak met die situasie in Namibië en die uitkoms wou afwag van die vredesonderhandelinge tussen die Herero en die Nama en Oorlam.[39]

### 3. Die Rehoboth-Basters en die magstryd tussen die Herero en Afrikaner-oorlams, 1869-1870

Spoedig nadat hulle die grense van die Kaapkolonie oorgesteek het, sou die Basters hulle midde in 'n hewige magstryd en 'n stryd om grondgebied bevind. Die grense van die woongebiede van al die inheemse groepe in Namibië was nie presies afgebaken nie. Eers tydens die Duitse Bestuurstydperk, wat in 1884 'n aanvang geneem het, is gebiedsgrense deur verdrae vasgestel.[40] Die vernaamste strydende partye met wie die Basters te doen sou kry, was die Herero aan die een kant en aanvanklik die Afrikaner-Oorlam aan die ander kant.

Die Herero was welvarende beesboere wat hulle in die gebied ten suide van die Ovambo's gevestig het. Laasgenoemde groep het die noordelike deel van Namibië bewoon. Die tradisionele suidelike grens van die Herero se woongebied het tot aan die Swakoprivier by Otjiseva en daarvandaan ooswaarts langs 23° suiderbreedte gestrek.[41] In die suide van Namibië, tussen die Oranje- en Swakoprivier, het verskeie Namastamme gewoon. Die Nama, oorwegend skaapboere en behorende tot die Khoikhoi, het uit sowat agt stamme bestaan.[42] Hulle geledere is gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu deur sogenaamde Oorlamgroepe uit die Kaapkolonie aangevul. Weens bloedvermening met onder andere blankes was die Oorlam, met die Afrikaners as die vernaamste groep, nie suiwer Khoikhoi nie.[43] Die gebruik van

---

39 Quellen 21, Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869 (sic), pp. 46-47.

40 G. Pool, *Die Herero-opstand 1904-1907* (Kaapstad, 1979), p. 3.

41 Pool, *Herero-opstand*, p. 3; I. Goldblatt, *History of South West Africa from the beginning of the nineteenth century* (Cape Town, 1971), p. 11.

42 Vedder, *Voorgeskiedenis*, pp.56, 143-145.

43 J.P. van S. Bruwer, *South West Africa: The disputed land* (Cape Town, 1966), pp. 27-28; Vedder, *Voorgeskiedenis*, pp. 198-201; J.H. Esterhuyse, *South West Africa 1880-1894* (Cape Town, 1968), p. 3.

vuurwapens het die Oorlam aanvanklik militêrgewys 'n groot voorsprong bo die ander inheemse bevolkingsgroepe in Namibië gegee.[44]

Die Afrikaner-Oorlam het dekades lank die oorhand oor die Herero gehad.[45] Na die dood, egter, van Jonker Afrikaner in Augustus 1861[46] het die Herero hulle daadwerklik begin verset teen dié oorheersing.[47] Die Swartbooi-Nama van Rehoboth wat saam met die Herero teen die Afrikaners geveg het,[48] het in 1864 Rehoboth verlaat om Afrikanerwraak te ontsnap en het hulle voorlopig by Salem aan die benedeloop van die Swakoprivier gevestig.[49] Rehoboth was dus na Julie 1864 verlate.

Jan Jonker Afrikaner het die binnekoms van die Basters aangegryp om sy eie geledere te versterk en hulle uitgenooi om hulle by sy volgelinge te Windhoek te voeg. Hy het egter die aftrede van kaptein Hermanus van Wyk en vrywillige onderwerping aan sy gesag geëis. Die Basters het die aanbod van die hand gewys,[50] aangesien hulle 'n onafhanklike volkstaat in die oog gehad het. In hierdie stadium het die Afrikaners besef dat hulle ideaal om die Herero te onderwerp nie maklik verwesenlik sou word nie. Hulle was buitendien verarm weens die uitgerekte oorlog en verskriklike droogte wat die hele land geteister het. Gevolglik het Jan Jonker Afrikaner vir Hugo Hahn genader om as vredesbemiddelaar tussen hom en Maharero op te tree[51] en het Hermanus van Wyk per brief uitgenooi om die vredesonderhandelinge by te woon.[52] Hy was waarskynlik van oordeel dat Hermanus van Wyk as neutrale leiersfiguur 'n waardevolle bydrae sou kon lewer om die vredesonderhandelinge te laat vlot.

Op 23 September 1870 is die sogenaamde Vrede van Okahandja tussen die Herero, die Oorlam en Nama gesluit en is Windhoek in bruikleen deur Maharero aan die Afrikaners afgestaan. Nadat Hugo Hahn tydens die onderhandelinge verskeie kere onsuksesvol met Maharero oor die posisie van die Basters probeer onderhandel het, het hy Hermanus van Wyk en sy afvaardiging gevolglik aangeraai om direk met Abraham Swartbooi, wat ook teenwoordig was, oor die nou verlate Rehoboth te

---

44 B. Pool, "Die geskiedenis van die Afrikaner-Oorlams in die tyd van Jonker Afrikaner, 1790-1861", Ph.D., Universiteit van Stellenbosch (1995), pp. 67, 461.

45 Vedder, *Voorgeskiedenis,* pp. 208-210; Goldblatt, *History of South West Africa,* p. 10.

46 Pool, "Afrikaner-Oorlams", p. 457; Mem. 4/24, Viall, "Rehoboth Basters", p. 6; Vedder, *Voorgeskiedenis,* pp. 210-211; Goldblatt, *History of South West Africa,* pp. 29-30.

47 Vedder, *Voorgeskiedenis,* pp. 456-459; Goldblatt, *History of South West Africa,* pp. 31-32.

48 Vedder, *Voorgeskiedenis,* pp. 465, 471-472.

49 Vedder, *Voorgeskiedenis,* pp. 474-478; Goldblatt, *History of South West Africa,* p. 33.

50 Vedder, *Voorgeskiedenis,* p. 548.

51 Mem. 4/24, Viall, "Rehoboth Basters", 6-7; Vedder, *Voorgeskiedenis,* p. 521.

52 Quellen 21, Bericht von Heidmann, zur Zeit Warmbad, 5 Apr. 1869, p. 47.

onderhandel.[53] Swartbooi het ingestem dat die Basters hulle daar kon vestig, totdat hulle dit self weer sou benodig. As vergoeding moes die Basters jaarliks 'n perd aan die Swartboois betaal. Hierdie mondelinge reëling is deur die aanwesiges aanvaar.[54] Heidmann was egter beswaard omdat die tydelike woonregte van die Basters in Rehoboth nie in die vredestraktaat opgeteken was nie en Hermanus van Wyk dus oor geen skriftelike waarborge beskik het nie.[55]

## 4. Vestiging te Rehoboth, 1870-1880

Hermanus van Wyk het spoedig na die vrede van Okahandja beslag op Rehoboth gelê en sy familie, asook die grootste deel van die Basters, na die gebied laat trek.[56] Ongeveer dertig families, in totaal om en by 300 mense, het hulle in 1870 by Rehoboth gevestig.[57] Hierdie groep kan beskou word as die grondleggers van die Rehoboth-Basters. Heidmann en 'n deel van die Bastergemeenskap, wat eers op die oes by Chamis gewag het, het besluit om in Maart 1871 na Rehoboth te verhuis.[58]

Die Basters het dadelik en geesdriftig begin om Rehoboth bewoonbaar te maak. Die waterbronne is ontwikkel, landerye en tuine aangelê, en die kerk en die sendeling se huis, wat deur die Oorlam beskadig is, is gerestoureer. Verskeie Basters het ook begin om baksteenhuise op te rig.[59] Die Basters het energiek deelgeneem aan verskeie handelsaktiwiteite. Verskeie Basters het, ten spyte van Heidmann se afkeuring, hulle toegespits op die jag. Gevolglik was hulle gewoonlik vyf tot sewe maande en soms tot 'n volle jaar uithuisig. Ander het verkies om handelsware aan te koop en dit dan aan Nama en Oorlam in afgeleë dele te gaan verkoop. Sommige Basters, wat oor waens en trekosse beskik het, het 'n bestaan gemaak as transportryers tussen Walvisbaai en die binneland.[60]

---

53 Quellen 21, Auszug aus einem Brief von Missionar F. Heidmann, Chamis, 16 Nov. 1870, pp. 71-72. (Hierna Brief von Heidmann); Goldblatt, *History of South West Africa*, pp. 45-46.

54 U.G. 41-1926, "Rapport van die Rehoboth Kommissie", p. 31; G. Sudholt, *Die deutsche Eingeborenenpolitik in Südwestafrika von den Anfängen bis 1904* (Hildesheim, 1975), pp. 38-39.

55 Quellen 21, Brief von Heidmann, Chamis, 16. Nov. 1870, pp. 72-73; Bericht von Heidmann, 20 Okt. 1871 (Rehoboth), pp. 80-81.

56 Quellen 21, Brief von Heidmann, Chamis, 16 Nov. 1870, p. 73; Bericht von Heidmann, Chamis, 18 Jan. 1871, p.74.

57 Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 29.

58 Quellen 21, Brief von Heidmann, Chamis, 16 Nov. 1870, p.73; Bericht von Heidmann, Chamis, 18 Jan. 1871, p. 74.

Mem. 4/24, Viall, "Rehoboth Basters", p.9.

Pearson, "Rehoboth Baster community", p. 73.

Die Basterboere het hulle hoofsaaklik op bees- en skaapboerdery toegespits. Sommige boere het selfs merinoskape in die Kaapkolonie gaan aankoop. Van tyd tot tyd is hulle geledere aangevul deur Basters vanaf onder andere Pella en Gibeon. Teen 1876 was daar ongeveer 800 Basters in Rehoboth en omgewing, wat 20 000 skape en tussen 2000 en 3000 grootvee besit het.[61] In hierdie stadium is dit dus duidelik dat die Basters die grondgebied fisies beset en ontwikkel het, dat daar sprake is van 'n permanente nedersetting en alles wat dit *de facto* en *de jure* impliseer.

Die Nisbeth Bath-konstitusie was egter spoedig nie meer geskik vir die Baster-volkstaat nie en is 'n reeks wette vanaf 31 Januarie tot 8 Julie 1872 deur die kaptein en sy Raad uitgevaardig.[62]

### 4.1 'n Nuwe grondwet

Op 31 Januarie 1872 is 'n nuwe grondwet aanvaar, waarvolgens wye magte aan die kaptein toegeken is. Hy is lewenslank deur stemgeregtigde burgers verkies. Indien hy sterf of sou bedank, moes die langsdienende raadslid in sy plek waarneem totdat 'n ander kaptein verkies is. Die kaptein is bygestaan deur twee raadslede van onbesproke karakter wat persoonlik deur hom aangewys is vir so lank as wat dit hom behaag. Hulle het as die Kapteinsraad bekend gestaan. Die burgers van die volkstaat het jaarliks drie manne van onbesproke karakter verkies om in die Volksraad (Basterraad) te dien. Op dié wyse het die Bastervolk ook 'n aandeel in die Regering gehad. Een van die Volksraadslede het as *"Vorspreker" (Speaker)* opgetree, en hy kon die Volksraad byeenroep indien dit na sy mening noodsaaklik was. Bastermans of enige persoon wat met 'n Bastervrou getroud was, deur die Kapteinsraad en die *Vorspreker* as burger aanvaar is en belasting betaal het, was stemgeregtigde burgers. 'n Vreemdeling kon eers na 'n proeftydperk van ses maande 'n burger word.[63]

Wette is deur die kaptein en die Kapteinsraad opgestel, waarna dit aan die Volksraad ter bekragtiging voorgelê is. Indien die wet(te) deur die Volksraad bekragtig is, is dit aan die kaptein vir finale goedkeuring voorgelê. Wanneer die Volksraad egter nie 'n wet wou aanvaar nie, het die kaptein, Kapteinsraad en Volksraad vergader en moes 'n meerderheidsbesluit daaroor geneem word. Indien die Volksraad eenparig teen die wet(te) gekant was, is 'n vergadering van al die burgers belê om daaroor te stem. Tydens so 'n volksvergadering het die Kaptein oor 'n getal stemme gelykstaande aan een tiende van die getal aanwesige stemgeregtigdes beskik. Elkeen van die

Mem. 4/24, Viall, "Rehoboth Basters", p. 10; Pearson, "Rehoboth Baster community", p. 74.

62 *Gesetzbuch der Rehobother Bastards. Beschlossen von dem Kapitän und seinen Ratsleuten in den Jahren 1872 und 1874.* Wörtliche Uebersetzung von Kurt-Walther Schluttig, Rehoboth (Deutsch-Südwestafrika) den 31. März 1913; SWAA 2/18/2, Unregistered correspondence and papers, Rehoboth affairs, Copies of correspondence and legislation, 1872-1922, Law book of the Rehoboth Bastards. Promulgated by the captain and his councillors in the years 1872 and 1874.

63 De Waal, *German-Bastard Question*, pp. 30-31.

Kapteinsraadslede het oor twee stemme beskik, terwyl die burgers en Volksraadslede slegs een stem elk gehad het.[64]

'n Verdere aantal wette, met bepalinge wat gehandel het oor regters, veldkornette, amptenare, kriminele oortredings, belastings, drankbeheer, skuld, egskeiding, sekere munisipale aangeleenthede, aansteeklike siektes, oorlogvoering, verset teen die wet, ensovoorts, is ook in 1872 aanvaar.[65] Hierdie wette en regulasies, met wysiginge, is uiteindelik in 64 artikels saamgevat en op 1 Januarie 1874 gepromulgeer. Alhoewel die meeste artikels die 1872-wette bevestig het, was daar tog enkele belangrike grondwetlike veranderinge rakende die posisie van die kaptein. Artikel twee het bepaal dat indien 'n burger 'n wettige klag teen die kaptein sou hê, hy dit by drie onpartydige "*landshoofden*" wat die Christelike geloof aangeneem het, aanhangig kon maak. In samehang hiermee word in artikel drie duidelik vermeld dat "*de kaptyn gelyk eenige burger of Raat onder de wet staad.*" Volgens artikel vyf is die kaptein sy reg ontneem om twee Kapteinsraadslede vir 'n onbepaalde tyd aan te wys. Voortaan kon elke burger tien kandidate as Raadslede voorstel. Die kaptein moes dié vier kandidate wat die meeste stemme op hulle verenig het, as sy Raadslede aanstel. Die aanstellingsperiode van 'n Raadslid is tot een jaar beperk, waarna hy herkies kon word.[66]

## 4.2 Voortslepende onrus

Ten spyte van goedbedoelde pogings om 'n ordelike volkstaat in die nuwe woongebied op dreef te kry, sou die Bastergemeenskap nie ontkom aan die voortslepende onmin wat, ten spyte van die Vrede van Okahandja, tussen die Herero en die Nama en Oorlam geheers het nie. Die geografiese ligging van hul nuwe woongebied, naamlik tussen die strydende groepe, asook die onsekere verblyfregte, het hulle in 'n baie onstabiele situasie geplaas.

Aan die een kant is die Basters se vestiging en verblyf te Rehoboth bedreig deur Jan Jonker Afrikaner en sy Oorlam-volgelinge. Die Afrikaners was in 'n onbenydenswaardige posisie: as eertydse heersers van Namibië wat vroeër in oorvloed geleef het, was hulle nou brandarm en is hul lewensruimte beperk tot Windhoek waar daar nie voldoende weiding vir hulle klein veekuddes was nie.[67] Boonop was die grense van Windhoek, wat net in pag aan Jan Jonker Afrikaner en sy volgelinge gegee is, nie vasgestel nie. Jan Jonker Afrikaner het van meet af aan sy ontevredenheid oor dié situasie uitgespreek, maar Maharero het geweier om enige aansprake van Jan Jonker Afrikaner te erken en het homself tot die eienaar van Windhoek en omgewing verklaar. Om sy gesag oor die gebied te bewys, het hy sy veekuddes daarheen

---

[64] De Waal, *German-Bastard Question*, p. 31.

[65] U.G. 41-1926, p. 81.

[66] U.G. 41-1926, p. 87.

[67] Vedder, *Voorgeskiedenis*, p. 575.

gestuur om te wei.[68] Hy wou die Afrikaners voldoende weiveld ontneem en sy veeposte gebruik as front om op die Afrikaners te spioeneer.

Verskeie pleidooie aan Maharero deur onder andere J.G. Schroeder, die Rynse sendeling van Windhoek, om die leefruimte van die Arikaners te respekteer het op dowe ore geval.[69] Aangesien die Herero die Afrikaners verhoed het om jagtogte te onderneem, kon hulle ook nie volgens die ou Oorlamgebruik hulle voedselvoorraad op dié wyse aanvul nie.[70]

Weens dié ondraaglike posisie in Windhoek het Jan Jonker Afrikaner dit oorweeg om na die Rehoboth-gebied te verhuis. Aangesien hy die vorige eienaars, die Swartboois, in 1864 verjaag en tydens hulle vlugtog na Otjimbingwe ingehaal en verpletterend verslaan het, het Jan Jonker Afrikaner op grond van die oorlogsreg op die gebied aanspraak gemaak. In 'n poging om die Basters van die grondgebied te verdryf, het hy gevolglik die Bergdamaras aangemoedig om stelselmatig die Basters se vee te roof. Dis geen wonder nie dat die Basterpleidooie, gerig aan Jan Jonker Afrikaner met die doel om die Bergdamaras van veediefstalle te weerhou, op dowe ore geval het nie.[71]

Maar ook die Herero het die lewe van die Basters in Rehoboth moeilik gemaak. Maharero het ook op dié gebied aanspraak gemaak, en wel omdat hy aan die vorige eienaars, die Swartboois, 'n woonplek te Ameib in sy grondgebied afgestaan het. Sy veeposte was reeds tot by Gurumanas, en sy veekuddes het gesuip by die watergate wat met groot moeite deur die Basters gegrawe is. Van sy mense het ook van die Basters se vee geroof.[72]

Om sake te vererger het ander naburige Nama- en Oorlamstamme, wat met afguns die groeiende welvaart van die Basters aanskou het, lustig deelgeneem aan strooptogte op Bastervee.[73] Die veediefstalle vanuit verskillende oorde het ernstige afmetings aangeneem, en tussen Januarie 1877 en Mei 1878 het die Basters 236 beeste, 676 kleinvee en twee perde verloor.[74] Basterversoeke aan Maharero en die verskillende Nama- en Oorlamkapteins om hulle onderdane te beheer en 'n einde te maak aan die strooptogte het eweneens op dowe ore geval.[75]

---

[68] U.G. 41-1926, p. 31.

Goldblatt, *History of South West Africa*, p. 53; U.G. 41-1926, p. 31.

Vedder, *Voorgeskiedenis*, p. 575.


[71] Vedder, *Voorgeskiedenis*, pp. 577-578, 580; Goldblatt, *History of South West Africa*, p. 53.

[72] Vedder, *Voorgeskiedenis*, pp. 577, 580.

[73] Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 31.

[74] Quellen 21, Bericht von Rehoboth, 5 Feb. 1879, p. 145.

Vedder, *Voorgeskiedenis*, p. 581.



**'Wyk, eerste kaptein van die Rehoboth-Basters.**
(Nasionale Argief, Windhoek)



**Kaptein Hermanus van Wyk (tweede van regs) en sy Raad.**
(Nasionale Argief, Windhoek)

### 4.3 Blanke handelaars

Benewens die aansprake van Maharero en Jan Jonker Afrikaner op die Rehoboth-gebied het probleme met die blanke handelaars, dr. Theophilus Hahn (nie die sendeling nie) en sy vennoot, ene Steyn, ook die fokus geplaas op die onsekere verblyfregte van die Basters. Die Basterraad het bepaal dat blanke handelaars wat in die Rehoboth-gebied wou woon en handel dryf, hulle onvoorwaardelik aan hulle gesag moes onderwerp en 'n jaargeld ten bedrae van £25 sterling betaal. Hahn en Steyn het egter daarop aangedring dat die bedrag tot £10- 12s verminder moes word en dat in geskille tussen Basters en blankes die geregshof uit dieselfde aantal blankes as Basters moes bestaan en nie net uit Basters soos dit in daardie stadium die gebruik was nie.

Beide partye was onversoenlik in hulle eise, en gevolglik is onderhandelinge beëindig,[76] waarop die Basterraad die handelaars op 12 Januarie 1876 uit die Rehoboth-gebied verban het.[77] Die optrede van Hahn om in September 1875 met Hendrik van Zyl, 'n bekende Transvaalse jagter-avonturier, in korrespondensie te tree oor die moontlike vestiging van blanke boere in die Rehoboth-gebied[78] was 'n verdere sterk motivering vir die verbanningsbevel.[79] Hahn, wat geweier het om die Rehoboth-gebied te verlaat, het hom nou op Barnabas, Kaptein van die Rooinasie-Nama van Hoachanas, wat die oorspronklike eienaars van die Rehoboth-gebied was, beroep.[80] Hermanus van Wyk het daarop die Kapteins van die verskillende inheemse groepe in Namibië om raad oor die geskil met die blanke handelaars genader, waarskynlik in die hoop dat hulle die Basters se aanspraak op die Rehoboth-gebied sou erken.[81]

Die probleme met handelaars oor die regte van die Basters in die Rehoboth-gebied het Hermanus van Wyk opnuut aangespoor om onverwyld wetlike erkenning vir die Basteraansprake op die Rehoboth-gebied te probeer beding. Kort voordat die verbanningsbevel teen die blanke handelaars uitgevaardig is, het Hermanus van Wyk

---

76 Quellen 21, Schreiben von Heidmann, Rehoboth, 26 Jan. 1876, p. 107; Vedder, *Voorgeskiedenis*, p. 579.

77 Quellen 21, Schreiben von Heidmann, Rehoboth, 26 Jan. 1876, p. 108; Bericht von Heidmann, Rehoboth, 21 Feb. 1876 ,p. 112.

78 Quellen 21, Schreiben von Heidmann, Rehoboth, 26 Jan. 1876, p. 106; Bericht von Heidmann, Rehoboth, 21 Feb. 1876, p. 111; Fischer, *Rehobother Bastards*, pp. 31-32.

79 Quellen 21, Bericht von Heidmann, Rehoboth, 21 Feb. 1876, p. 112.

80 Die Rooinasie-Nama, met Hoachanas as setel, was tot en met die aankoms van die Afrikaner-Oorlam die sterkste en invloedrykste Nama-groep en het hulle beskou as besitters van die hele Namaland. Die oorspronklike eienaars van Rehoboth was dus die Rooinasie-Nama, van wie die Swartboois 'n splintergroep was. Laasgenoemde het tot 'n onafhanklike groep onder 'n eie kaptein ontwikkel met Rehoboth as hoofsetel. Nadat die Swartboois, weens die bedreiging van Jan Jonker Afrikaner, Rehoboth in 1864 ontruim het, het die Rooinasie-Nama dit as vanselfsprekend beskou dat die Rehoboth-gebied hulle eiendom was. Kyk Goldblatt, *History of South West Africa*, pp. 2, 4, 10-11; Vedder, *Voorgeskiedenis*,pp. 576-577.

81 Quellen 21, Bericht von Heidmann, Rehoboth, 21 Feb. 1876, p. 113.

en een van sy Raadslede, Cornelius van Wyk, vir Abraham Swartbooi te Ameib besoek met die doel om die Rehoboth-gebied te koop. Die Basters het dus besef dat die enigste werklike oplossing vir die onsekerheid oor hulle aanspraak op Rehoboth nie polities nie maar deur 'n wetlike grondkooptransaksie opgelos moes word. Dit was al taal wat die betreklik onontwikkelde aanspraakmakers sou verstaan, en slegs so 'n reëling sou hulle (die Basters) van 'n eie en permanente woongebied verseker. Swartbooi was egter nie daarvoor te vinde nie, maar het tog ingestem dat indien hy eendag sou wou verkoop, die Basters die eerste aanspraakmakers sou wees. 'n Verkoopprys van vyf waens ter waarde van £50 elk en 100 perde van £25 elk is vasgestel. Dié skriftelike ooreenkoms is op 23 Desember 1875 onderteken. Die kooptransaksie het, weens die onwilligheid van die Swartboois, egter nooit werklikheid geword nie.[82] Gevolglik moes die Basters maar die nou reeds bekende patroon van politieke skuiwe voorsit om Rehoboth permanent te bekom.

### 4.4 Kommissaris W.C. Palgrave

Intussen het daar vanuit 'n heel ander oord verwikkelinge gekom rakende die posisie van die Basters. In 1876 het die Kaapse Regering 'n kommissaris, W.C. Palgrave, aangestel om ondersoek in te stel na die moontlikhede van Namibië, om op die wense van die inwoners in te gaan en om die voordele van koloniale bestuur aan die inwoners te verduidelik. Hierdie sending is voorafgegaan deur spesifieke versoeke van Maharero betreffende die wyse waarop hulle hulself kon regeer, die vyandigheid tussen die Herero en die Nama en Oorlam en die potensiële bedreiging van die kant van die Transvaalse trekboere. In April 1876 het kommissaris Palgrave met 'n uitgebreide feitesending begin.[83]

Abraham Swartbooi, wat met sy mense by Ameib gesetel was, se voorneme om na Kaokoveld te verskuif is deur Maharero in die wiele gery. Gevolglik het die Swartboois oorweeg om na hulle ou tuiste, Rehoboth, terug te keer. Dié voorneme van Abraham Swartbooi is aanvanklik deur kommissaris Palgrave ondersteun, maar na 'n besoek aan Rehoboth het hy van mening verander. Hy was naamlik beïndruk deur die groeiende welvaart van die Basters en hulle ywer en ondernemingsgees wat in skerp teenstelling gestaan het met dié van die naburige Nama- en Oorlamstamme en ook die Swartboois. Palgrave het gevolglik by die Kaapse Regering aanbeveel dat reëlings getref behoort te word om die Basterbesit van die Rehoboth-gebied te verseker.[84]

Oortuig daarvan dat Britse anneksasie van die gebied hulle eiendomsreg en voortbestaan van dié volkstaat sou verseker, het Hermanus van Wyk en sy Kapteinsraad Palgrave gevolglik per brief versoek dat die Kaapse Regering Namibië moes bestuur en hulle moes beskerm.[85] Palgrave het onder andere by die Kaapse

---

82 Mem. 4/24, Viall, "Rehoboth Basters", pp. 8-9; U.G. 41-1926, p. 33.

83 U.G. 41-1926, pp. 34-35; Goldblatt, *History of South West Africa*, pp. 53-55.

84 Pearson, "Rehoboth Baster community", pp. 79-80.

85 Pearson, "Rehoboth Baster community", pp. 82-83.

Regering aanbeveel dat die kuslyn van Namibië tot Britse gebied geproklameer word. Die aanbeveling is nie deur die Kaapse Regering in werking gestel nie, en slegs Walvisbaai en 'n smal strook aangrensende gebied is op 12 Maart 1878 tot Britse gebied geproklameer.[86] Die verwagting van die Basters dat hulle onsekere verblyfregte in die Rehoboth-gebied uiteindelik deur Britse anneksasie beëindig sou word, is dus nie verwesenlik nie. Hulle het hulle dus vir die soveelste keer op eie optrede aangewese gevoel om hulle volkstaat 'n werklikheid te laat word.

## 5. Die Basters en die voortgesette Herero-Nama-Oorlam-stryd, 1880-1884

Die Basters het hulle, na 'n uiters wankelrige vredestydperk van tien jaar, weer midde in 'n hernieude Herero-Nama-Oorlamstryd bevind. Van hulle voorneme om neutraliteit te handhaaf het feitlik niks tereg gekom nie.

Die voortslepende spanning tussen die Herero en die Nama en Oorlam het in Augustus 1880 by Gurumanas, in die noorde van die Rehoboth-gebied, breekpunt bereik. Maharero en sy hoofkommandant Riarua het daar 'n veepos met 1500 beeste, 'n paar duisend skape en 'n groot aantal perde gevestig. In die nabyheid van Gurumanas was daar ook 'n groep Nama en Oorlam woonagtig. Nadat die Herero hulle valslik beskuldig het van die diefstal van 'n dragtige koei, het 'n stryd ontbrand, waartydens dertig Herero en enkele Nama en Oorlam gesneuwel het. Die oorblywende Herero het gevlug, waarop die Nama en Oorlam die Herero-vee buitgemaak het.[87]

Maharero, woedend oor die verlies van sy heilige beeste wat slegs met sy dood geslag sou word, het onmiddellik 'n bevel uitgereik dat alle Nama en Oorlam wat in die hande gekry kon word, gedood moes word. In ooreenstemming met dié bevel is meer as 200 Nama en Oorlam vermoor.[88]

Jan Jonker Afrikaner het, nadat hy berig ontvang het van die geveg naby Rehoboth en die moorde op Nama en Oorlam, Windhoek inderhaas ontruim en na die berge gevlug. Kort daarna het die Herero op Windhoek toegesak en dit geplunder en afgebrand. Jan Jonker Afrikaner en sy volgelinge het toe na Rehoboth verskuif waar hulle die beloofde hulp van die suidelike Nama en Oorlam afgewag het. Die Basters, wat neutraal wou bly, het die versoek van Jan Jonker Afrikaner om aan Oorlam- en Namakant teen die Herero te veg, van die hand gewys, maar na die moord op ses Basters en 'n blanke, ene McNab, wat op 'n jagtog in Hereroland was, het die Basters besluit om ook die Herero die stryd aan te sê.[89] 'n Bykomstige motief was natuurlik om op dié wyse hulle aanspraak op Rehoboth te verstewig - 'n nogal vernuftige diplomatieke verset om by Jan Jonker Afrikaner in die gevlei te kom.

---

[86] Goldblatt, *History of South West Africa*, pp. 60, 62.

[87] Vedder, *Voorgeskiedenis, pp.* 652-653; U.G. 41-1926, p. 36.

[88] Goldblatt, *History of South West Africa*, p. 75; Vedder, *Voorgeskiedenis,*. p. 655.

[89] U.G. 41-1926, p. 37; Mem. 4/24, Viall, "Rehoboth Basters", p. 10.

In September 1880 het Jan Jonker Afrikaner met 600 man en Hermanus van Wyk en sy sowat 70 manskappe Rehoboth verlaat. Die eerste veldslag van 10 Desember 1880 te Barmen was 'n maklike oorwinning vir Jan Jonker Afrikaner en sy bondgenote, en duisende beeste en kleinvee is buitgemaak. Die oorwinnaars was egter so houtgerus dat hulle dié aand geen wagte uitgeplaas en ammunisie onder die manskappe uitgedeel het nie. Hulle is gevolglik tydens 'n teenaanval van die Herero teen dagbreek die volgende dag verslaan en moes noodgedwonge hul ammunisiewaens en ander voorrade agterlaat.[90]

Hierdie terugslag het 'n tyd lank die entoesiasme van die suidelike Nama en Oorlam gedemp, maar onder leiding van Moses Witbooi het hulle weer gekonsolideer om die stryd teen die Herero te hervat. In September en Oktober 1881 het die Nama en Oorlam Hereroland binnegeval. Die aanval op Okahandja het op 22 en 23 November 1881 plaasgevind, maar die Herero wat vooraf gewaarsku is, het sterk weerstand gebied. Ontmoedig deur onder andere 'n tekort aan ammunisie, het die Nama en Oorlam gevlug en weer eens hulle waens agtergelaat.[91]

In hierdie stadium het die optrede van Jan Jonker Afrikaner die reeds wankelrige bondgenootskap tussen die Nama en Oorlam en die Basters die finale nekslag toegedien. In Januarie 1882, in die omgewing van Uberoab, is op vyf van sy volgelinge geskiet, waartydens een gedood en nog een verwond is. By Uberoab was 'n Basterveepos, en Jan Jonker Afrikaner het die Basters verkeerdelik vir die voorval geblameer. Gevolglik het die Afrikaners op 12 Januarie 1882 Basterveeposte oorval en ongeveer 2000 stuks kleinvee, 500 beeste en ses en twintig perde met 'n gesamentlike waarde van meer as £2000 geroof. 'n Aantal Bastergesinne het al hulle lewende hawe verloor en is daardeur in die uiterste armoede gedompel. Die voorval het die Basters aangespoor om vredesonderhandelinge met Maharero aan knoop.[92]

### 5.1 Kommissaris Hugo Hahn

In hierdie tyd het die Kaapse Regering 'n Spesiale Kommissaris, eerwaarde dr. Hugo Hahn, gestuur om gerugte van 'n voorgenome Herero-aanval op Walvisbaai te ondersoek. Hahn het van die geleentheid gebruik gemaak om as bemiddelaar tussen die Herero en Basters op te tree. Heidmann en twee gevolmagtigde verteenwoordigers van die Basters het Maharero ontmoet en reeds in Februarie 1882 vrede gesluit.[93]

Deur bemiddeling van die sendelinge het die Oorlam- en Namakapteins van Bethanien, Berseba, Hoachanas en die Kaptein van die Groot Doden op 13 Junie 1882 'n vredesverdrag met verteenwoordigers van Maharero onderteken, waartydens die

[90] Pearson, "Rehoboth Baster community", pp. 97-98.

[91] Vedder, *Voorgeskiedenis,* p. 667; U.G. 41-1926, p. 37.

[92] Quellen 22a, Bericht von Heidmann, Rehoboth, 14 Mrt. 1882, pp. 226-228.

[93] Quellen 22a, Bericht von Heidmann, Rehoboth, 14 Mrt. 1882, pp. 232-233; Goldblatt, *History of South West Africa*, pp. 77-78.

Herero-Baster-vredesverdrag ook bekragtig is. Die Oorlamkapteins, Jan Jonker Afrikaner en Moses Witbooi, het egter in hulle afwesigheid geskitter, en veral Jan Jonker Afrikaner het voortgegaan met strooptogte op die vee van die Basters en die Herero.[94]

Jan Jonker Afrikaner het Hermanus van Wyk dit erg verkwalik omdat hy 'n afsonderlike vrede met Maharero gesluit het.[95] Die Basters het gevolglik kwaai deurgeloop onder veestrooptogte. Op versoek van Hermanus van Wyk het Maharero en sy mense tot by Gurumanas getrek, vanwaar hy kommando's uitgestuur het om die Basters by te staan in 'n aanval op Jan Jonker Afrikaner in die Gamsberge. Hulle kon nie die Afrikaners uitdryf nie, en nadat die Herero sekere buit bekom het, het hulle besluit om te onttrek. Alhoewel die Afrikaners 'n teenaanval geloods en 1300 stuks vee buitgemaak het, het Maharero en sy volgelinge na Okahandja teruggekeer. In November 1882 het Maharero weer 'n mag van omtrent 600 man gestuur om die Basters met 'n tweede aanval op Gamsberg behulpsaam te wees. Ook hierdie aanval is nie met veel sukses bekroon nie.[96]

**5.2 Aanval op Rehoboth**

Teen dagbreek, op 16 November 1882, het die Afrikaner-Oorlam en hulle Namabondgenote, die Swartboois, Rehoboth onverwags aangeval. Die Basters het nie verwag dat Jan Jonker Afrikaner so gou na die aanval op die Gamsberge 'n teenaanval sou loods nie. Wonder bo wonder kon die ongeveer 30 man die aanval wat tot 14:00 geduur het, afweer. Die Nama en Oorlam se buit was skraal - enkele beeste en bokke, terwyl die Basters wie se huise afgebrand is, al hulle huisraad en klere verloor het. Daarbenewens het die Basters vyf man verloor, terwyl sewe aanvallers gesneuwel het.[97] Na hierdie aanval was daar, benewens sporadiese veediefstalle, relatiewe vrede te Rehoboth.[98]

In hierdie stadium het Hendrik Witbooi, wat sy vader Moses as Kaptein van die Witboois opgevolg het, op die toneel verskyn. Oortuig daarvan dat God hom op 'n vredesending na die Herero gestuur het, het hy teen die middel van 1884 na Hereroland vertrek. Dit was die begin van 'n verdere jarelange sporadiese stryd waaraan die Basters nie deelgeneem het nie maar weer eens vasgevang was tussen twee vyandige groepe.[99]

---

U.G. 41-1926, 37-38; Vedder, *Voorgeskiedenis*, pp. 678-681.

95 Vedder, *Voorgeskiedenis*, pp. 680-681.

96 Pearson, "Rehoboth Baster comunity", pp. 102-103.

97 Quellen 22a, Bericht von Heidmann, Rehoboth, 23 Nov. 1882, pp. 260-262.

98 Pearson, "Rehoboth Baster community", p. 103.

Mem. 4/24, Viall, "Rehoboth Basters", p. 11; Fischer, *Rehobother Bastards*, p. 34.

Tot en met die aanvang van die Duitse koloniale bestuurstydperk in 1884 het die Basters gesukkel om hulle in Namibië te handhaaf. Enersyds het die Basters vrugtelose pogings aangewend om die Rehoboth-gebied as permanente woonplek te bekom, om neutraliteit te midde van die Herero-Nama-Oorlam-magstryd te handhaaf en om die roofsug van naburige groepe op hulle vee af te weer. Andersyds het die Basters met die verbetering en uitbreiding van die Nisbeth Bath-konstitusie in 1872 en 1874 daarin geslaag om 'n eie unieke bestuurstyl te vestig met as uitvloeisel 'n ordelike volkstaat en groeiende welvaart. Hulle het dus in feite verwesenlik wat hulle van die begin af nagestreef het: 'n eie woongebied en 'n eie bestuurstelsel.

Met die sluiting van die Baster-Duitse Vriendskaps- en Beskermingsverdrag op 15 September 1885 is uiteindelik *de jure*-erkenning verleen aan die volkstaat-ideaal van die Rehoboth-Basters - 'n eie en in praktyk selfgeregeerde grondgebied wat hulle nie deur die Kaapse koloniale owerheid gegun was nie.[100] Die stryd om behoud van dié grondgebied én reg tot selfbestuur vorm tot vandag toe nog 'n sentrale tema in die geskiedenis van die Rehoboth-Basters.

Die strewe na 'n eie en onafhanklike (of semi-onafhanklike) woongebied by die Basters sluit aan by 'n diepgewortelde staatkundige ideaal by blanke Afrikaners. Dit het reeds kop uitgesteek in die vorm van die kortstondige republieke van Swellendam en Graaff-Reinet teen die einde van die agtiende eeu, en die verwesenliking van 'n eie staat was die sterkste dryfveer vir die Groot Trek. Dit het die grondslag gevorm vir die totstandkoming van die Boererepublieke van Natalia, die Oranje-Vrystaat en die Suid-Afrikaanse Republiek. Dit was 'n ideaal en later 'n werklikheid wat met goed en bloed verdedig is, en, eenmaal verlore - lewendig gehou is met die strewe na 'n republiek wat weer - in gewysigde vorm - in 1961 bereik is. Tot vandag toe leef die "volkstaat"-gedagte, 'n eie Afrikanerstaat, voort. Die strewe van die verre en slegs gedeeltelik bekende bloed- en lotgenote, die Rehoboth-Basters, is die spieëlbeeld, 'n parallelle ligtende voorbeeld van so 'n strewe na 'n volkstaat.[101]

---

[100] Quellen 22a, Auszug aus dem Jahresbericht der Station Rehoboth vom Jahre 1885, Anlage 1, Beschermings- en Vriendschapstraktaat tusschen het Duitsche Ryk en de Bastards te Rehoboth, 15 Sept. 1885, pp. 316-318.

[101] Die skrywer het 'n vergelyking tussen die volkstaatstrewes van dié twee groepe, gegrond op in diepte navorsing, in die oog. Die slotparagraaf dien dus slegs as 'n oppervlakkige vergelyking en vertrekpunt van 'n moontlike opvolgartikel.